| 29 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 31 AUGUSTUS SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Werner vd Heever | Ds. Jannie Hougaard |
| Heb 13:1-6; Jer 2:1-13 | Heb 13:1-6 | Heb 13 |

LIG | DEERNIS | HOOP

Kuierkerk




Hangklipkerk




Kleinmondkerk



Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir die Sinodale Studentebediening.
Op 7 September is dit vir die **Bybelverspreidingsfonds.**






# Program vir die week

*Seisoen van die skepping 1 September tot 5 Oktober 2025*

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 1 September** | | *Gelukkige Lentedag!* |
| **Dinsdag 2 September** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***15:00*** | Eiendomme (TYD-kuierruimte) |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | ***17:30*** | Getuienis (Kapel) |
| **Woensdag 3 September** | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| | ***18:00*** | Meditasie Erediens (Kapel) |
| | ***18:00*** | Dissipelskap Reisgenote (TYD) |
| **Donderdag 4 September** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| **Vrydag 5 September** | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |



# Wat gebeur die week...






## Verlof

Ds Heinrich is met verlof weg vanaf
28 - 31 Augustus vir 'n troue in Pretoria

# Belangrike Datum




## KERKKANTOORure

**MAANDAG TOT VRYDAG** 10:00 - 13:00

## Kontakbesonderhede

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

info@ngkogelberg.co.za Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3470 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290

## Nuwe Intrekkers

# Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

***Louisa Petronella Jacoba Roets***
*van Hermanus (Sc1)*

***Johan Jacobus en Gertuida Gesina Britz en hul seun Armand*** *van Alberton-Oos (BB2)*


***Charl Francois en Aletta Louisa Magrietha Hugo en hul dogter Maria Hendrika*** *van Onrusrivier (BB6)*

*Mag jy geseënd en gelukkig wees in ons gemeente. Mag jy voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*

***Bring asseblief skoon leë koffiebottels met deksels na die Kerksaal vir die Kleinmond Sopkombuis!***

# Vrede vir die skepping

## Seisoen van die skepping 1 September – 5 Oktober 2025



Ons aanbid God die Skepper en Onderhouer van sy skepping


As kinders van God is ons geroep om op grond van ons herstelde verhouding met God vredemakers in belang van die skepping te wees

Ons verbind ons opnuut tot sorg en beskerming van die skepping en alle mede-skepsels

Sluit aan by projekte van eko-bediening en Kleinmond Natuurbewaringsvereeniging

Eredienste 7 & 14 September
Erediens 5 Oktober met
Ernst van Jaarsveld (plantkundige)
Kleinmond Natuurbewarings-
vereniging 50-jarige fees 3 - 11 Oktober






# Kleinmond Eko-bediening

## bied 'n spesiale vertoning aan:

**Datum: Sondagaand, 7 September 2025** **Tyd: 18:00**

**Plek: Kleinmondkerk, 4 de Laan 67** **Toegang: Gratis**

*In die gees van Vrouemaand*

# Vroueharte wat soos een klop

Dit was in die laat 1990's, nie lank nadat ons as gesin ons op Bettysbaai gevestig het nie, toe ek kennis neem van 'n gesamentlike kamp van ons gemeente (Hangklip-Kleinmond) se vroue en die vroue van Kleinmond se VGK-gemeente. Ek het dadelik geweet ek wil my hand opsteek: in my hart het ek reeds lank die begeerte gehad om deel te wees van 'n wedersydse uitreik- en brugbou-aksie.

Ek het geeneen van die vroue geken nie; maar vasberade het ek my aangemeld, my kampgeld betaal, vervoer aangebied en op die aangewese Vrydagmiddag saam met 'n klompie ander motors vol vroue en voorrade die pad gevat na Wortelgat waar die kamp sou plaasvind.
Die naweek was 'n hartsbelewenis en 'n geestelike ervaring wat my diep aangegryp het.

Met naamkaartjies voor op die bors het ons mekaar geleidelik beter leer ken – in gesprekke rondom tafels, in groepsaktiwiteite, tydens smaaklike maaltye, met Bybels oop voor ons en soms selfs twee-twee, wanneer ons die geleentheid gehad het om ons harte teenoor mekaar oop te maak. Almal Afrikaanssprekend, maar met 'n geskiedenis van afsonderlikheid, ja – ook in die Kerk – wat jare lank 'n hartseer kloof tussen ons geslaan het.

Gevoelige sake is openhartig op die tafel gesit: hoe gaan ons dit regkry om gemaklik met mekaar om te gaan as vriendinne en susters in die geloof, wanneer party steeds as huishulpe vir ander werk; wanneer daar steeds 'n wig van wantroue en lugtigheid tussen ons is? Maar harte was oop vir mekaar. Oë het met deernis en meelewing na mekaar gekyk. Bande is tog gesmee.

# Agapé leef voort

Dit was die eerste treë van die Agapé Vroue-uitreikgroep, wat steeds een keer per maand op ‘n Saterdagmiddag bymekaarkom om te sing, lief en leed met mekaar te deel, saam na praatjies van gemeenskaplike belang te luister, saam fondsinsamelingsprojekte aan te pak en sodoende te groei in liefde en begrip vir mekaar. Ons het ook reeds by verskeie geleenthede gesamentlike lofdanse aangebied waaraan daar lang ure saamgeoefen is, en wat ons saamgesnoer het.

Die name van vroue wat destyds voorgeloop het, met harte wat aan die brand was vir gesamentlikheid en eenheid tussen ons en ons VGK-vriendinne, bly my steeds by. Van hulle het reeds gesterf; maar hul nalatenskap leef voort. Welma Mentz, Griet van Huyssteen en Ina Heunis is nie meer met ons nie. Maar dit is wonderlik om steeds Godsvroue soos Hesta Smit, Judith Laubscher en Essie Groenewald te hê wie se harte saamklop, asook merkwaardige rolmodelle van die VGK soos Katrina Dramat, Eveline Jacobs, Hesteline Appolis, Mina Plaatjies, Mercia Harper en ander.

***Annetjie Strever*** van ons gemeente is reeds ‘n klompie jare lank Agapé se voorvatter, met komiteelede uit albei gemeentes (en ander) wat haar bystaan. Sy kan meer inligting verskaf indien jy meer sou wou weet oor die aksie.

Ek salueer hierdie vroue vir wie ek soveel respek en deernis het, en by wie ek so baie leer. Mag die bande wat ons bind, steeds sterker word, asook die wedersydse begrip en liefde: Agapé-liefde...

*Lisel Krige*

# Agapé Vrouebediening

VG Kerk Kleinmond + NG Kerk Kogelberg

## Koevertkuns

Saterdagmiddag 23 Augustus 2025 14h00



Met liefde gemaak deur Joanne






















# Wykskuier

## TYD vir kuier

27 Augustus 2025 10h00




Met liefde gemaak deur Joanne
















**VAKATURE**
**KOSTER VIR DIE HANGKLIP GEMEENTE**
**(GELEË TE PILLANSIAWEG, BETTYSBAAI) VAN DIE NGK KOGELBERG**

Aansoeke vanaf geskikte kandidate (manlik of vroulik) vir die **pos van koster vir die Hangklipkerk** word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195
- Kort CV van hoogstens 3 bladsye
- Afskrif van ID-dokument

**Sluitingsdatum** vir aansoeke: ***5 September 2025 om 12:00***. Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za

**Diensvoordele sluit in:**

- 'n Totale Koste vir Indiensnemingpakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike evaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.
- Die pligte sal onder andere die volgende insluit:
- Dit sal van die koster verwag word om 9 vasgestelde ure en 7 uur fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die koster sal aan die Eiendomskommissie en die Hangklip Wykskerkraad van die gemeente rapporteer.
- Gereedmaak van die gemeentesentrum vir eredienste.
- Reëlings en ondersteuning ten opsigte van funksies, troues en begrafnisse.
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- 'n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.
- Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:
- Basiese tegniese vaardighede om klein noodherstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en minstens 'n kode 10 bestuurderslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die Hangklipstreek gegee word. **Diensaanvaarding: 1 Oktober 2025.**

# Gemeenskaps-DAGBOEK









# KLEINMOND FYNBOS FEES FESTIVAL

## 3 - 11 OKTOBER 2025

### Tema:

***Kleinmonders in die Biosfeer***

***Biosphere living in Kleinmond***



### Program:

- Fynbos van a - z
- Uitstallings
- Fynbos proe
- Voëls in die fynbos
- ’n Musikale Rendezvous
- Leef in die Biosfeer
- Begeleide uitstappies
- Rooisand se wilde perde
- Jeugprogram

*Vir meer inligting, besoek:*

*www.kleinmondnbv.co.za*

KLEINMOND natuur | indalo | nature

50 Jaar van beskerming
Years of protecting



Guest speaker

**LEON KLUGE**

*Gala opening*

## SOUTH AFRICAN WILD FLOWERS AND THEIR POLLINATORS

# KLEINMOND FYNBOS FEES FESTIVAL

**Tickets:** R150 pp
**Book:** Quicket.co.za

**3 October 2025**

KLEINMOND natuur | indalo | nature
50 Jaar van beskerming Years of protecting

18.30 for 19.00
NG church hall
1st Ave, Kleinmond

*Diens van Barmhartigheid bederf die Caritas-span en die kantoorpersoneel*



*Foto's verskaf deur Joke*

*Met liefde gemaak deur Joanne*











BASAAR

NGK KOGELBERG BIED AAN

# Lente in Kleinmond

# SATERDAG

# 20 SEPT

# 09:30 - 12:30

- Pannekoeke
- Boereworsrolle
- Roosterkoeke
- Kerrie & rys
- Basaarpoeding
- Lewerkoekies
- Jaffels
- Groente
- Koektafel
- Teetuin
- Kindertafel
- Koffie

4 DE LAAN 67

# KLEINMOND

## 30 Augustus

Hermie van der Merwe 083 629 5565 (Ba1a)

Dirk Crafford 082 535 5378 (KB4)

Hermien van Zyl 072 424 7807 (KB6)

## 31 Augustus

Wilmine Van Heerden 083 627 2426 (Sa3)

Pieter Zeeman 071 670 3205 (Ba2)

Hettie Le Grange 083 775 4822 (PM1)

Catherine Polzi (PB2c)

## 1 September

Elsa Grové 082 742 8602 (Sa1)

Dayna Stofberg 084 805 1301 (Sa3)

Tiaan Schoeman (Bb3)

Sakkie Schoonraad 082 372 8220 (KB4)

Alta Jones 083 270 5698 (BB5)

## 2 September

Suzanne Jordaan 074 944 5534 (Sc2)

Mariana Barnard 083 658 5589 (BB3)

## 3 September

Joan Marnewick 082 538 0792 (Sa4)

Rika Steenkamp 082 573 2135 (Sa2)

Hennie Louw (Ba2)

John Nel (KB5)

Buks Lourens 083 276 1855 (Sc1)

Tilla Mouton 082 299 1765 (PM1)

Shareen Gerber 084 645 8960 (HK2)

## 4 September

Corli Brits (Bb2)

Cathy Hoofd (Bb1)

Mireille Nel 082 256 3444 (Bb4)

## 5 September

Elaine Reitsma 072 207 9588 (Sb1)

Johan Edwards 082 388 1776 (Bb1)

André Naudé (PM4)

Tarique Mostert (PB2a)

Chris Potgieter 084 614 5167 (KB1)

# Verjaarsdae!




GROEPGESPREKKE | 1 - 6 SEPTEMBER 2025

1. **Gesels bietjie saam...**
    - Wat is die beste praktiese raad wat iemand jou al ooit gegee het?
    - Is "geloof" vir jou soms 'n moeilike, ingewikkelde en teoretiese saak?
    - Watter eenvoudige vriendelike gebaar het jou al die meeste verras?

2. **Ons storie nou...**
    - Wat beteken gasvryheid vir jou?
    - Is dit maklik of moeilik om gasvry te wees?
    - Hoe voel dit as iemand jou onthou of vir jou bid wanneer jy swaarkry?

3. **God se storie...**

- Lees Hebreërs 13:1-25 rustig saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het of wat jou opgeval het uit Sondag se eredienste.
- Gesels bietjie met mekaar oor die volgende:
    - Noem gou die klompie praktiese goed op wat die skrywer in vers 1-6 noem as deel van 'n Christelike lewenswandel.
    - Hoekom dink jy sê die skrywer ons moet gasvry wees - selfs teenoor vreemdelinge?
    - Wat beteken dit prakties om vir gevangenes en mense in nood te bid of hulle te onthou?
    - Vers 5 sê: "Wees tevrede met wat julle het." Hoe is dit 'n geloofsdaad?
    - As jy vers 1-6 moet saamvat in een sin, hoe sou jy dit beskryf?
    - Wat sê hierdie verse oor wat vir God belangrik is?
    - Hoe help vers 8-9 jou om om te dink oor "moets & moenies" en genade?
    - In vers 15-16 word gepraat van 'n ander soort offer wat ons kan bring... gesels met mekaar oor die praktiese bring van dié offer in julle lewens.
    - In vers 21 word gepraat van dinge wat God vir ons as sy kinders gee. Hoe help hierdie dinge ons in die praktiese uitleef van ons Christenskap?
    - Wie moet verheerlik word deur jou en my Christelike lewenswandel?

4. **Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Deel met mekaar julle gedagtes oor die volgende vrae:
    - Hoe help dit jou om te weet Jesus verander nooit, selfs as jou lewe verander?
    - Watter rolmodel kan jy volg soos vers 7 sê - en wat van hulle inspireer jou?
    - Gesels met mekaar oor die "voorgangers" of voorbeelde van geloof in jou lewe. Hoe het jy dit hanteer as hulle soms ook foute gemaak het en 'n swak voorbeeld gestel het?
    - Hoe help vers 9 jou om te onderskei tussen "wat mense wil voorskryf as 'n goeie, Christelike lewe" en dit wat God regtig van ons vra?
    - Kies een klein stap vir hierdie week wat jou geloof in aksie sal wys - wat gaan jy doen?

5. **Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord in die week wat kom. Ons gaan wel op Sondag 7 September (in die Kleinmondstreek) fokus op Jesaja 32:14-18 as ons die Seisoen van die Skepping en ons roeping ten opsigte van die ekologie vier:

- Maandag 1 September - Hebreërs 13:1-16
- Dinsdag 2 September - Psalm 1:1-6
- Woensdag 3 September - Deuteronomium 30:15-20
- Donderdag 4 September - Lukas 14:25-33
- Vrydag 5 September - Filemon v1-21
- Saterdag 6 September - Jesaja 32:14-18